

## DIE KLEIN-KAROO: HISTORIOGRAFIESE ASPOESTERTJIE

A Appel

*Universiteit van Port Elizabeth*

Die bestudering van plaaslike en streekgeskiedenis is 'n gevestigde vertakking van die Westerse historiograaf.<sup>1</sup> In Suid-Afrika is hierdie aspek van die geskiedskrywing egter verwaarloos. Die redes hiervoor is nie duidelik nie. Heel moontlik hang dit saam met 'n "baie verouderde en gevolglik eensydige" geskiedbeskouing asook "onkunde omtrent die plek van plaaslike en streekgeskiedenis in die geskiedwetenskap."<sup>2</sup> Die eerste poging tot koördinasie op nasionale vlak ten opsigte van streekgeskiedenis is gevolglik eers in April 1975 geloods met die skepping van die Afdeling Streekgeskiedenis binne die Instituut vir Geskiedenisnavorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN).

Tog is die beoefening van plaaslike en streekgeskiedenis hier te lande nie heeltemal vreemd nie. Dit word bevestig deur die rubriek *Local History* in Muller, Van Jaarsveld, Van Wyk en Boucher se *South African History and Historians — a bibliography*. Daarin word 175 titels uit 'n totaal van 4 518 onder dié hoof opgeneem, terwyl nog heelwat ander studies, onder andere oor ekonomiese, administratiewe, kerklike en onderwyskewessies elders in ander rubrieke opgeneem is wat heeltemal of deels ook as plaaslike en/of streekgeskiedenis beskou sou kon word. Dat streekgeskiedenis inderdaad mettertyd in eie reg deur Suid-Afrikaanse akademiese historiografiese kringe erken word, blyk voorts uit die feit dat reeds 'n tiental sulke studies in die *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* gepubliseer is.

Te midde van hierdie beperkte en huiwerige streekhistoriese studie in Suid-Afrika is dit besonder opvallend dat die Klein-Karoo, dit wil sê die landstreek tussen die Lange- (Outeniekwa-) en Swartberg, 'n onbekende, tussenliggende studiegebied gebly het. Soos die natuurlandskap dit aanvanklik in 'n betreklik geïsoleerde toestand gehou het, is dit ook deur die historici heeltemal verwaarloos. Oënskynlik hang hierdie houding saam met die feit dat die topografiese en klimatologiese omstandighede die meeste 18de- en 19de-eeuse besoekers aan die Kaapkolonie ontmoedig het om dié landstreek te besoek. Trouens, slegs ongeveer 12 het wel op eie inisiatief deur 'n kleiner of groter deel daarvan gereis<sup>3</sup> ten spyte van die feit dat die hoofroete tussen Kaapstad en die oosgrens sedert 1752 óór die Outeniekwaberg en dan verder met die Langkloof langs geloop het. Gevolglik is eietydse getuïenisse oor dié gebied en sy mense uiters

---

Vir 'n vlugtige oorsig asook basiese uitgangspunte kyk oa W G Hoskins, *Local History in England* (2nd ed, London, 1976); H P R Finberg en V H T Skipp (eds), *Local History: Objective and Pursuit* (Newton Abbot, 1973); A Rogers, *Approaches to Local History* (2nd ed, London, 1977); A G Oberholster, "Streekgeskiedenis en die Historikus," *Contree*, No 6, Julie 1979.

2. Dr C M Bakkes (Direkteur, Instituut vir Geskiedenisnavorsing, RGN) in persoonlike brief aan skrywer hiervan, Nov 1975. Vgl ook *Contree*, No 1, Januarie 1977 (Redaksioneel).
3. Kyk oa by P Thunberg, *Travels in Europe, Africa, and Asia made between 1770 and 1779*, vol II (London, 1795); W Paterson, *A narrative of four journeys into the country of the Hottentots and Caffraria, in the years 1777, 1778 and 1779* (London, 1790); A Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope* (London, 1786); J Barrow, *Travels into the interior of Southern Africa*, 2 vol (London, 1806); J Backhouse, *A narrative of a visit to the Mauritius and South Africa* (London, 1844); T Wangemann, *Ein Reise-Jahr in Süd-Afrika* (Berlin, 1868).

beperk. Miskien het die tradisioneel sterk klem op die oosgrenssituasie in die Suid-Afrikaanse geskiedenis verder tot hierdie gebied se historiografiese verwaarlosing bygedra: die ooswaartse beweging van die Blanke op pad na die oosgrens moes nou maar "toevallig" as gevolg van fisiese faktore deur die Klein-Karoo geskied. Laasgenoemde was dus doodgewoon 'n "rusplekkie langs die pad."

Bogenoemde vertolking word deur die benadering in enkele standaardwerke bevestig. In albei die klassieke studies oor die 18de-eeuse pioniersuitbreiding, te wete Van der Walt se *Die Ausdehnung der Kolonie am Kap der Guten Hoffnung (1770-1779)*<sup>4</sup> en Van der Merwe se *Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657-1842)*<sup>5</sup> word slegs 'n enkele opmerking oor die ontplooiing van dié beweging in genoemde gebied gemaak.

Maar ook ten opsigte van ander aspekte van die geskiedenis van dié gebied kom 'n opvallende swye voor. In sy studie oor die Bruinmense behandel S J Marais wel sommige sendingstasies in die suidelike dele van die Kaapkolonie. Tog laat hy Dysselsdorp, oos van die huidige Oudtshoorn, wat reeds in 1838 deur die Londense Sendinggenootskap gestig is, heeltemal buite rekening.<sup>6</sup> Dieselfde geld vir J du Plessis se *A History of Christian Missions in South Africa*. Terwyl hy inderdaad die sendingstasie Pacaltsdorp naby George bespreek,<sup>7</sup> ontbreek dit by hom aan 'n enkele verwysing na Dysselsdorp wat oorspronklik juis onder die algemene toesig van die betrokke inwonende sendeling te Pacaltsdorp gestaan het. In die sosiaal-ekonomiese ontwikkeling van die laat 19de- en vroeg 20ste-eeuse Kaapkolonie het volstruisboerdery 'n prominente plek ingeneem. Maar in die enigste vakwetenskaplike studie oor dié bedryf in Suid-Afrika, te wete M F Wormser se *The Ostrich Industry in South Africa*<sup>8</sup> kom die posisie en bydrae van veral die Oudtshoorn-distrik in so 'n oorsigtelike beeld uiteraard nie tot sy reg nie. Selfs by die jonger geslag van navorsers is hierdie historiografiese beeld van 'n leë en nuttelose gebied voortgesit, soos die volgende aanhaling getuig:

"Klimaatstoestande het onbruikbare streke laat ontstaan, soos die Klein- en Groot-Karoo, die Kalahari en aan die suidwestelike kus. Vanselfsprekend sou die burgers hulle nie hier vestig nie en groot onbewoonde gebiede het dus 'tussenin' bly lê."<sup>9</sup>

Die enigste uitsonderinge is drie studies oor die Joodse gemeenskappe in Suid-Afrika, in twee waarvan 'n oorsigtelike beeld van hierdie bevolkingsgroep se wel en wee in die Oudtshoorn-distrik gevind kan word.<sup>10</sup>

Ewe opmerklik is egter die aandag wat die onderhawige streek vanuit ander vak-

4. (Berlin, 1928), pp 65-66.

5. (Kaapstad, 1938), p 135.

6. *The Cape Coloured People* (Johannesburg, 1962), hfst VIII.

7. (Cape Town, 1911. Facsimile Reprint, C Struik, Cape Town, 1965), pp 245-246.

8. (Unp M A thesis, UNISA (TUC), 1930).

9. M J Swart, "Die invloed van die isolasiefaktor op die vorming van die Afrikaner tot 1850," *Hertzog-Annale*, Desember 1958, p 75.

10. I Abrahams, *The Birth of a Community — a history of Western Province Jewry from earliest times to the end of the South African War, 1902* (Cape Town, 1955), pp 67-75; G Saron en L Hotz (eds), *The Jews in South Africa — a history* (Cape Town, 1955), hfst 7; L Herrman, *A History of the Jews in South Africa — from the earliest times to 1895* (Johannesburg, 1935), p 269.

dissiplines ontvang het. Enersyds is daar 'n viertal geografiese studies<sup>11</sup> en andersyds is enkele sosiologiese ondersoeke ten opsigte van die Oudtshoorn-omgewing uitgevoer.<sup>12</sup> Vanuit landbou-wetenskaplike kringe is 'n enkele werk gelewer, naamlik D J van Z Smit se *Die Voorligtingswyk Oudtshoorn — 'n studie in landboupotensiaal*.<sup>13</sup>

'n Studie van die gebied tussen die Lange- en Swartberge toon dat hierdie streek allesbehalwe onbewoon en onbruikbaar tussen die ander oënskynlik meer gunstige vestigingsones bly lê het. Gedurende die tydperk 1740-1792 is ongeveer 430 weilisensies in die gebied vanaf Kogmanskloof in die weste tot die Langkloof in die ooste uitgereik. In die meer beperkte streek oos van die Gamkarivier en al met die Olifantsriviervallei langs is vir die jare 1752-1784 alleen 131 weilisensies toegeken.<sup>14</sup> Alhoewel dergelike vergelykende syfers vir die res van die Kaapkolonie ontbreek, is dit nietemin duidelik dat hierdie landstreek onder bespreking inderdaad vir die grootste deel van die 18de eeu deur aansienlike getalle veeboer pioniere besoek is.

Weliswaar het die 18de-eeuse oopstelling van die huidige Klein-Karoo gebied, soos elders in die destydse Kaapkolonie, met 'n hoë graad van mobiliteit gepaard gegaan. Uit 'n ontleding van die bewoningsjare van 214 leningsplase in die gebied oos van Kogmanskloof en wes van die Langkloof gedurende 1740-1791<sup>15</sup> blyk dit dat soveel as 54% van dié getal plase slegs tussen een en vyf jaar bewoon en/of gebruik is. Tegeelyktyd val dit egter wel op dat ongeveer 8% van hierdie plase vir tydperke van 20 jaar of langer bewoon is. Alhoewel relatief klein, het hierdie groepie 18de-eeuse boere die grondslag van permanente vestiging in hierdie gebied gelê. Bewerking en die aanwending van beskikbare kapitaal en arbeid was gevolglik geen ongewone verskynsel in dié landstreek reeds voor die einde van genoemde eeu nie.

Inderdaad toon die fragmentariese tydgenootlike getuienisse aan dat die trekboer in die gebied tussen die Outeniekwa- en Swartberg reeds gedurende die laaste kwart van die 18de eeu in toenemende mate op die natuurlandskap ingegryp het. In 1775 het Sparrman te Saffraanrivier<sup>16</sup> die eenvoudigste dog heel doeltreffende bespreiingspraktyk van dwarswalte en uitleislote aangetref. Met behulp daarvan is graanlanderye, groentetuine, vrugteboorde en wingerde aangelê sodat 'n noodsaaklike verskeidenheid tot die pioniersdiëte gevoeg kon word.<sup>17</sup> Ook het die kweek van tabak reeds deel van hierdie toenemende differensiasie in die 18de-eeuse landboubedrywighede gevorm.<sup>18</sup>

---

D C Vermeulen, *Die Klein Karoo* (Ongep MA-verhandeling, US 1940); J W Momberg, *'n Regionale Studie van die Distrik Calitzdorp* (Ongep MA-verhandeling, US, 1948); N C Tait, *'n Geografiese Studie van die Noordelike Hange van die Outeniekwaberge in die Oudtshoorn-omgewing* (Ongep MA-verhandeling, US, 1967); P J Rootman, *Die Funksies en Invloedsfeer van die Stedelike Gebied van Oudtshoorn* (Ongep MA-verhandeling, US, 1970).

P O le Roux, *Opvoedings toestande in Oudtshoorn — 'n sosiologiese studie van blanke skoolopvoeding* (Ongep MA-verhandeling, US, 1942) asook *Huishoudelike Begrotings in Oudtshoorn — 'n ondersoek van die inkomste en uitgawes van 'n groep huishoudinge van blanke arbeiders in die munisipale gebied van Oudtshoorn* (Ongep D Phil-proefskrif, US, 1948); D van Zyl, *Natuurlike Gebiede in Oudtshoorn — 'n inleidende studie tot die maatskaplike ekologie van 'n plattelandse dorp* (Ongep MA-verhandeling, US, 1944); N Sieberhagen, *Die Plattelandse Skool in Oudtshoorn — 'n sosiologiese studie* (Ongep D Phil-proefskrif, US, 1948).

(Ongep M Sc (Agric)-verhandeling, UP, 1965).

Hierdie getalle is saamgestel aan die hand van die *Oude Wildschutte Boeke (RLR)* in die Kaapse Argiefbewaarplek (KA). Geen aanspraak op absolute korrektheid word egter gemaak nie. Vir 'n lys van leningsverslae oos van die Gamkarivier kyk by A Appel, *Die Distrik Oudtshoorn tot die tagtigerjare van die 19de eeu — 'n sosio-historiese studie* (Ongep D Phil-proefskrif, UPE, 1980), Bylae 1.

15. Aan die hand van bogenoemde *Oude Wildschutte Boeke*.

16. Suidwes van die huidige Oudtshoorn.

17. Sparrman, *op. cit.*, pp 297-298; kyk ook W Paterson, *op. cit.*, pp 33-34.

18. (KA) 1/SWM 12/55 Gemengde Dokumente (Maandcedullen), 1793-1804.

Onder gunstige omstandighede is al op 'n vroeë stadium, soos byvoorbeeld gedurende 1806, relatief gesproke uitstekende oeste ingesamel. Vir daardie jaar was die gemiddelde koringopbrengs per mud saad op 92 plase tussen die Outeniekwa- en Swartberg<sup>19</sup> 16,2 mud, terwyl die ooreenkomstige syfer vir die hele Kaapkolonie gedurende die jare voor 1826 tussen 10 en 12 gewissel het.<sup>20</sup> So ook het in 1806 op 52 van bogenoemde getal plase gemiddeld 6 440 wingerdstokke gegroei teenoor die gemiddelde syfer van 2 238 vir die hele Swellendamse landdrosdistrik. Die gemiddelde wynproduksie op eersgenoemde groep plase was dan ook twee lêers, terwyl dit in laasgenoemde geval nie eens 'n lêer beloop het nie.<sup>21</sup>

Op hierdie laat 18de- en vroeg 19de-eeuse grondslae het die landboubedryghede in die onderhawige streek tot aansienlike ontwikkelinge gedurende die tweede helfte van die 19de eeu gekom. Om enigsins 'n beeld van die relatiewe posisie van die gebied tussen die Lange- en Swartberg op sosiaal-ekonomiese terrein te verkry, word enkele syfers vir die Oudtshoorn-distrik as 'n voorbeeld gebruik:<sup>22</sup>

**DISTRIK OUDTSHOORN**  
**BEVOLKING- EN LANDBOUSTATISTIEKE**

			1875		1891	
	Getal/ Opbrengs	Posisie in Kolonie	Getal/ Opbrengs	Posisie in Kolonie	Getal/ Opbrengs	Posisie in Kolonie
Bevolking	12 077	12	15 181	13	23 870	7
Totale opp bewerk (morg)	6 886	9	9 414	8	—	—
Totale opp onder besproeiing (morg)	—	—	—	—	11 750	1
Koring (boesel)	172 085	2	98 519	2	121 640	3
Hawerhooi (lb)	1 755 200	13	4 732 600	5	12 040 200	4
Tabak (lb)	966 641	1	2 376 570	1	3 418 600	1
Droë vrugte (lb)	299 640	4	641 969	2	382 386	1
Wingerdstokke	3 496 900	3	5 808 574	3	2 543 259	7
Wyn (gell)	22 175	10	45 962	10	24 960	12
Brandewyn (gell)	55 701	3	155 324	2	127 577	4
Trekvee	9 016	7	9 895	12	—	—
Bokke	77 815	10	82 465	8	52 546	17
Volstruise	—	—	2 494	2	27 001	1
Volrusivere (lb)	—	—	768	1	31 117	1

Uit hierdie geensins volledige statistieke<sup>23</sup> is dit duidelik dat minstens die oostelike deel van die Klein-Karoo tot aan die einde van die 19de eeu geen onbruikbare en onbe-

19. Uit (KA) J 319 Opgaafrolle Swellendam, 1806.

20. D J van Zyl, *Die Geskiedenis van Graanbou aan die Kaap, 1795-1826 (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1968, I)*, p 233.

21. Vgl voetnoot 19.

22. Saamgestel aan die hand van G 20-1866 Census of the Colony, 1865; G 42-1876 Results of a census of the Colony . . . , 1875; G 6-1892 Results of a census of the Colony . . . , 1891.

23. Vir volledige besonderhede en ontleding daarvan kyk by A Appel, *op. cit.*, hfst 3.2 en 3.6.1. Statistieke, deels veldkornetskapsgetal t o v die westelike Klein-Karoo kan in bg sensusverslag gevind word.

woonde gebied was nie. Van 'n hoofsaaklik 18de-eeuse vee-georiënteerde pionierstreek het dit gedurende die daaropvolgende eeu tot 'n bedrywige en soms, relatief gesproke, belangrike gemengde boerderygebied ontwikkel.

Dit was juis laasgenoemde aspek wat reeds van die begin van die 19de eeu af die hoogs betekenisvolle togritstelsel laat ontstaan het. As gevolg van die gebrekkige verkeersweë oor die Outeniekwaberg en deur die Rooiberg (wes van Calitzdorp) asook uiters beperkte plaaslike afsetgeleenthede is die makliker wapad ooswaarts, al met die Olifantsriviervallei langs, gebruik om met die oostelike en noordelike grensgebiede handel te dryf. Reeds gedurende die dertiger- en veertigerjare van die 19de eeu was die togwaens uit die Oudtshoornomgewing 'n vry algemene sig op die dorpsmarkte van onder andere Beaufort-Wes, Uitenhage, Grahamstad, Graaff-Reinet asook by geleentheid selfs in Colesberg.<sup>24</sup> Sodoende is die wye verskeidenheid van akkerbouprodukte uit die Klein-Karoo in die oorwegend veengebiede verkoop of vir kleinvee verruil. Op hierdie wyse het 'n ekonomiese belangrike wisselwerking ontstaan.

Daarom is dit verder vreemd dat S D Neumark in sy *Economic Influences on the South African Frontier, 1652-1836*<sup>25</sup> hierdie handelsverbintenisse heeltemal buite rekening laat. Hy bespreek slegs die handel waarin vee en veeprodukte enersyds en vervaardigde (Britse) artikels andersyds betrokke was. Die behoefte aan akkerbouprodukte in die veeboerderydistrikte en die daaruit voortvloeiende soms gevoelige handelsverhoudinge as 'n faktor in die ekonomiese lewe van albei streke word egter geensins in berekening gebring nie.

Teen die agtergrond van hierdie toenemende sosiaal-ekonomiese bedrywighede het die behoefte aan sentrale dienssentra met kerklike, residensiële, kommersiële en opvoedingsfunksies mettertyd uitgekristalliseer. So byvoorbeeld het reeds sedert die veertigerjare van die 19de eeu Oudtshoorn, Montagu, Ladismith, Uniondale, Barrydale en Calitzdorp as dorpie tot stand gekom. Op kerklike terrein dateer die vroegste plaaslike bedrywighede uit 1817 toe die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap te Kaapstad 'n sendingstasie te Zoar, oos van die huidige Ladismith, opgerig het. Vir vele jare het hierdie sentrum onder die opeenvolgende beheer van bogenoemde inrigting of die Berlynse Sendinggenootskap gestaan totdat dit in 1888 finaal aan die sorg van die NG Kerk toevertrou is.<sup>26</sup> Ook op die aangrensende stasie Amalienstein en in Ladismith self het die Berlynse Genootskap plaaslike gemeentes gehad.<sup>27</sup> Sedert 1838 was die Londense Sendinggenootskap te Dysseisdorp, oos van die huidige Oudtshoorn, bedrywig. Daaruit het na 1861 'n selfstandige gemeente as deel van die *Congregational Union of South Africa* ontwikkel, terwyl dergelike gemeentes in Oudtshoorn self en te Matjiesrivier in die Kango gestig is.<sup>28</sup> 'n Sendinggemeente van die NG Kerk te Oudtshoorn is in 1899 begin.

24. Kyk bv by J Holman, *A Voyage around the World*, vol 2 (London, 1834), pp 317-318, 324; (KA) CO 2794 Letters received from CC en RM Uitenhage and George: Bergh-Bell, 17.10.1840, no 40, bylae 1 (Roest-Bergh, 12.6.1840) en bylae 6 (Return of produce from the Division of George sold on the market of Beaufort during the year 1839); CO 4011 Memorials Received S-Z: M Schoeman, 26.2.1841, no 8.
25. (Stanfort, 1957).
26. In G 4-1869 Report of the Superintendent-General of Education for 1868, pp 154-156 word 'n kort oorsig van hierdie inrigting gegee. Vgl ook Du Plessis: *A History of Christian Missions*, pp 97-98, 214-215.
27. Vir enkele opmerkinge kyk by T Wangemann: *Ein Reise-Jahr in Süd-Afrika* (Berlin, 1868), pp 61-87; ook dieselfde skrywer se *Ein Zweites Reisejahr in Süd-Afrika* (Berlin, 1886), pp 409-411.
28. A Appel, *op. cit.*, hfst 2.5.3 en 3.4.2.

Die eerste selfstandige blanke NG gemeente in hierdie landstreek is gedurende 1851 in Ladismith gestig. Daarna is dergelike gemeentes in Oudtshoorn (1853), Montagu (1854), Uniondale (1866), Calitzdorp (1873), Barrydale (1880), De Rust (1899) en Vanwyksdorp (1904) opgerig. Daarbenewens het sedert ongeveer 1848 en 1860 onderskeidelik gemeentes van die Rooms-Katolieke Kerk (St Saviour's) en die Anglikaanse Kerk (St Jude's) in Oudtshoorn begin funksioneer. Teen 1888 het ook die Joodse gemeente aldaar hul eerste inwonende rabbi aangewys.<sup>29</sup>

In 'n tyd toe kommunikasie moeilik en moeitevol was, het regstreekse plaaslike skakeling met die Kaapse regering in verband met allerlei administratiewe, finansiële en juridiese aangeleenthede 'n hoë voorkeur geniet. Die proklamering van die magistratsdistrikte Oudtshoorn (1855), Ladismith (1876), Uniondale (1876), Montagu (1897) en Calitzdorp (1913) was dan ook van owerheidsweë 'n mosie van vertroue in die selfstandige ontwikkelingsmoontlikhede van genoemde gemeenskappe.

Op hierdie wyse het sedert die middel van die 18de eeu in die landstreek van Kogmanskloof in die weste tot aan die bolope van die Olifantsrivier in die ooste talle groter en kleiner gemeenskappe met uiteenlopende behoeftes onder bepaalde plaaslike omstandighede mettertyd 'n eie kultuurlandskap geskep. Weliswaar het topografiese omstandighede aanvanklik doelmatige kommunikasie met veral die aangrensende noordelike en suidelike dele van die kolonie gestrem. Nooit het 'n toestand van "absolute isolasie" egter geheers nie. Trouens, juis as 'n uitvloeisel van die sosiaal-ekonomiese dinamiek in dié gebied het die owerheid in Kaapstad mettertyd 'n hele reeks bergpasse of self gebou of finansiële steun daartoe verleen: Montagupas (1848), Meiringspoort (1858), Ruitersboschpas (1869), Tradouwspas (1873), Garciapas (1877), Kogmanskloof (1877) en die Swartbergpas (1887).<sup>30</sup>

Die 19de-eeuse kommunikasierewolusie het sy intrede eers aan die einde van 1875 in die Oudtshoorn-distrik gemaak toe hierdie gemeenskap by die telegraaflyn van Mosselbaai via Meiringspoort na Prins Albert en Beaufort-Wes ingeskakel is. Sedert November 1883 het telegrafiese geriewe ook na die Oranje-Vrystaat en Natal bestaan.<sup>31</sup>

Slegs in 'n enkele opsig het die onderhawige gebied die moderne kommunikasie-era eers aan die begin van die twintigste eeu betree. Teen 1904 is die spoorlyn van Port Elizabeth oor Klipplaat en Willowmore tot by Oudtshoorn voltooi, terwyl die spoorverbinding met George (op die hoofroete) eers in 1913, net voor die finale ineenstorting van die volstruisveremark, gebou is. Twaalf jaar later is 'n spoorlyn van Touwsrivier tot by Ladismith aangelê.<sup>32</sup>

Sodoende is hierdie landstreek en sy mense toenemend by 'n steeds groter wordende Suid-Afrikaanse lewenskring betrek. Soos ander gemeenskappe elders het ook hulle 'n besondere gevoeligheid vir die wisselende politieke en ekonomiese klimaat getoon. Die beste spieëlbeeld hiervan ten opsigte van die oostelike Klein-Karoo word in

29. A Appel, *op. cit.*, hfst 3.4.3-3.4.5.

30. Hieroor is daar volop besonderhede in o a die jaarlikse verslae wat sedert 1854 in die Kaapse parlement ter tafel gelê, o a dié van Chief Commissioner of Roads, later bekend as Chief Inspector of Public Works. Voorts ook talle petisies deur verskillende belangegroepes aan die Kaapse parlement gerig.

31. G 15-1876 Annual Report of the General Manager of Telegraphs for 1875; *Mossel Bay Advertiser*, 8 en 22.12.1875; *Oudtshoorn Courant*, 20.11.1883.

32. oor die talle poginge om gedurende die 19de eeu spoorlyne deur die Klein-Karoo aan te lê, lewer die *Annexures and Printed Papers of the House of Assembly* heelwat inligting op.

*The George Advertiser* (1864-1870), *The Mossel Bay Advertiser* (sedert 1871) en die *Oudtshoorn Courant* (sedert 1879) gevind. Die uitgawes van laasgenoemde blad weerspieël die betrokkenheid en onderlinge groepskonflikte van die plaaslike gemeenskap wat, by wyse van 'n voorbeeld, óm die Afrikanerbond ontstaan het. So ook het sedert die sewentigerjare van die 19de eeu die Londense volstruisveremark die lotgevallen van die ganse gemeenskap bepaal. Gedurende die hooggety van prysstygings het die landbou en handel gefloreer en kon uitbreidings op kerklike en onderwysterrein aangepak word. Met die eerste val van die veremark tussen ongeveer 1884 en 1886, daarenteen, het geen enkele gemeenskapsinstelling aan dié insinking ontsnap nie.

Bronne vir 'n studie oor hierdie historiografies afgeskepte landstreek is volop en relatief maklik bekombaar, maar, soos die meeste ander spore van 'n verledewerklikheid, tydrowend om te volg. Vir die belangstellendes huisves die Kaapse Argiefbewaarplek 'n uiteenlopende verskeidenheid studiemateriaal. Uit die bekende *Oude Wildschutte Boeke* kan 'n beeld van sowel die bewegings van die 18de-eeuse trekboere as van hul sosiaal-ekonomiese posisie opgebou word. Die tydperk 1795-1806 kan uiteraard aan die hand van die argiewe van die Eerste Britse Besetting en die Bataafse Republiek bestudeer word. Vir die tydperk sedert 1806 bied die omvangryke argief van die *Colonial Office* noodsaaklike en onvervangbare inligting oor haas alle aspekte van die administratiewe, juridiese en selfs ook sosiaal-ekonomiese ontwikkeling van die gebied soos weerspieël in die amptelike briefwisseling tussen hierdie kantoor en die onderskeie plaaslike amptenare. Veral die "Memorials Received" asook "Returns and Replies to Circulars" in hierdie argief is 'n verdere bron van inligting oor talle andersins onbekende aspekte van die wel en wee van die inwoners. Daarbenewens verstrekk die ewe bekende opgaafrolle soms daardie besondere inligting oor die individuele inwoners van 'n bepaalde veldkornetskaps wat kan meehelp om 'n begrip van hulle daaglikse bestaan te vorm. Voorts bied die argiewe van die *Slave Office*, *Central Road Board*, *Receiver of Inland Revenue*, *Surveyor-General*, *General Post Office*, *Land Board*, *Quitrent Register* en veral die *Superintendent General of Education* 'n haas oorweldigende hoeveelheid inligting.

Behalwe hierdie argiefgroepe wat hulle ontstaan aan die sentrale regeringsvorm ontleen, bestaan daar vir die student oor die Klein-Karoo die argiewe van die Landdros en Heemrade van Swellendam en George. Ook dit bied 'n kaleidoskopiese blik op die tydperk 1743 tot 1827, aangesien die jurisdiksie van albei genoemde landdroste van die kus af tot aan die Swartberg gestrek het.

In die Kerkargiefbewaarplek van die NG Kerk in Kaapstad is die oudste relevante dokumentegroep dié van Swellendam omdat ook die landstreek tussen die Lange- en Swartberg onder hierdie gemeente sedert sy stigting in 1798 geressorteer het. Eers in 1813 is 'n nuwe gemeente George uit die oostelike deel van Swellendam gesny, maar nog steeds het die Swartberg die noordelike grens daarvan gevorm. Voorts is die gemeente-argief van Mosselbaai ter sake, omdat sedert die stigting daarvan in 1845 ook die gebied noord van die Outeniekwaberg en wes van die Grobbelaarsrivier daarby ingesluit is. Soos genoem, dateer die onafhanklike gemeentes Oudtshoorn en Uniondale eers sedert 1853 en 1866 onderskeidelik. Ook vir Ladismith (sedert 1851), Calitzdorp (sedert 1873),<sup>33</sup> Barrydale (sedert 1880) en De Rust (sedert 1899) bestaan daar meer of minder volledige gemeentelike argiewe.

33. A g v die afbrand van die pastorie is egter alle notuleboeke en sommige ander stukke tot die einde van 1904 verwoes.

Voorts kan haas enige vraagstelling in verband met die Klein-Karostreek, soos ten opsigte van die res van die kolonie, aan die *Annexures and Printed Papers of the House of Assembly* gerig word. In die jaarverslae van die verskillende regeringsamptenare, die sensusverslae sedert 1855 asook die talle versoekskrifte deur individue of groepe aan die Kaapse parlement gerig, word inligting oor die hele spektrum van dié gebied en sy mense verstrekkend: grondkweessies, paaie, brúe, bevolking, pos- en telegraafdienste, onderwys en skole, finansies, administrasie en regspraak, besproeiing, handel, landbou. Dan bestaan daar nog die ander bekende regeringspublikasies, soos byvoorbeeld die *Government Gazette* en *Statistical Register*.

Hierbenewens bied die tydgenootlike koerante 'n goeie beeld nie slegs van die plaaslike sentimente en groepsverhoudinge nie, maar ook van die inwoners se kennis en belewenis van 'n wêreld buite hul onmiddellike natuurlandskap. In die geval van die oostelike Klein-Karoo voorsien die reeds genoemde drie koerante ruimskots hierin. Daarby kan ook met meer of minder vrug die plaaslike dorpsmuseums besoek word.

Kortom, ook die Klein-Karoo het sedert die middel van die 18de eeu ten opsigte van 'n wye verskeidenheid van menslike bedrywighede 'n ryke neerslag van veral literêre bronnemateriaal opgelewer. Vir die belangstellende en ingeligte navorser bly dit nou oor om op vakwetenskaplike vlak die talle nog onbekende aangesigte van hierdie aspoestertjie te belig.